FOR FURTHER ENDORSEMENTS SEE
VIR VERDERE ENDOSSEMENTE SIEN S

293

MILLERS ING
BEACONHUIS
MEADESTRAAT 123
GEORGE
6530

Opgestel deur my

TRANSPORTBESORGER
Snyman T

FEE

R 500,00

WOP.

VERBIND **MORTGAGED**

VIR
FOR R 900 000,00

B 000003923 / 2005

20 JAN 2005

REGISTRATEUR/REGISTRAR

Preference of usufruct waived i.f.o bond

TRANSPORTAKTE

T000003321 / 2005

HIERBY WORD BEKEND GEMAAK DAT

MAGNUS DANIËL STEENKAMP

voor my verskyn het, REGISTRATEUR VAN AKTES, te KAAPSTAD, hy die genoemde komparant synde behoorlik daartoe gemagtig deur 'n Volmag aan hom verleen deur

JONATHAN NEL
Identiteitsnommer 410308 5048 08 8
en
MAGDALENA CATHARINA NEL
Identiteitsnommer 450127 0037 08 1
Getroud binne gemeenskap van goed met mekaar

geteken te Beaufort-Wes op 20 Oktober 2004

DATA / CHECKED
09 FEB 2005

DATA / VERIFIED
10 FEB 2005
BOSHOFF

For Information Only

S

Landbank. WOP

VERBIND	MORTGAGED
VIR FOR R 248 000,00	
B 009902/10	
16 APR 2010	REGISTRATEUR/REGISTRAR

For Information Only

En genoemde Komparant het verklaar dat sy prinsipaal, op 2 September 2004, waarlik en wettiglik verkoop by Privaat ooreenkoms, en dat hy, in sy voorgenoemde hoedanigheid hierby sedeer en transporteer aan en ten gunste van

PETRUS GERHARDUS OLIVIER
Identiteitsnommer 760119 5077 08 4
Getroud buite gemeenskap van goed

sy Erfgename, Eksekuteurs, Administrateurs of Regverkrygendes in volkome en vrye eiendom,

1. RESTANT VAN DIE PLAAS QUAGGAS FONTEIN NR 166, IN DIE MUNISIPALITEIT EN AFDELING VAN BEAUFORT-WES, WES-KAAP PROVINSIE;

Para 50

GROOT 2280,5207 (TWEE TWEE AGT NUL komma VYF TWEE NUL SEWE) Hektaar

AANVANKLIK OORGEDRA kragtens Grondbrief gedateer 1 November 1838 (Beaufort-Wes Erfpagte Boekdeel 3, Nr 1) met Kaart daarby aangeheg en gehou kragtens Transportakte Nr T29965/1979.

A. ONDERHEWIG aan die voorwaardes waarna verwys word in Transportakte Nr 11718 gedateer 22 Desember 1924.

B. ONDERHEWIG VERDER, soos genoem in Transportakte Nr 2928 gedateer 5 Februarie 1965, aan die voorbehoud ten gunste van Izak Charl Verster, gebore op 1 Augustus 1891, van alle regte tot minerale en olie met uitsondering van goud, silwer en edelgesteentes ten opsigte van welke minerale en olie 'n Sertifikaat van Minerale Regte uitgereik is op 5 Februarie 1965, Nr 6/1965.

2. GEDEELTE 3 (Gedeelte van Gedeelte 1) VAN DIE PLAAS STEENROTSFOUNTAIN NR 168, IN DIE MUNISIPALITEIT EN AFDELING VAN BEAUFORT-WES, WES-KAAP RPOVINSIE;

Para 51

GROOT 707,0429 (SEWE NUL SEWE komma NUL VIER TWEE NEGE) Hektaar

AANVANKLIK OORGEDRA kragtens Transportakte Nr T380 gedateer 21 Junie 1859 met Kaart daarby aangeheg en gehou kragtens Transportakte Nr T29965/1979.

A. ONDERHEWIG aan die voorwaardes waarna verwys word in Transportakte Nr T11718 gedateer 22 Desember 1924.

B. ONDERHEWIG VERDER, soos genoem in Transportakte Nr T2928 gedateer 5 Februarie 1965, aan die voorbehoud ten gunste van Izak Charl Verster, gebore op 1 Augustus 1891, van alle regte tot minerale en olie met uitsondering van goud, silwer en edelgesteentes ten opsigte van welke minerale en olie 'n Sertifikaat van Minerale Regte uitgereik is op 5 Februarie 1965, Nr 6/1965.

For Information Only

3. RESTANT VAN DIE PLAAS OUDE VOLKS KRAAL NR 164, IN DIE MUNISIPALITEIT EN AFDELING VAN BEAUFORT-WES, WES-KAAP PROVINSIE;

Para 52

GROOT 1483,3541 (EEN VIER AGT DRIE komma DRIE VYF VIER EEN) Hektaar

AANVANKLIK OORGEDRA kragtens Grondbrief gedateer 29 Julie 1885 (Beaufort Wes Erfpagte Boekdeel 13, Nr 14) met Kaart daarby aangeheg en gehou kragtens Transportakte Nr T29965/1979.

A. ONDERHEWIG aan die voorwaardes waarna verwys word in Transportakte Nr T11718 gedateer 22 Desember 1924;

B. ONDERHEWIG VERDER, soos genoem in Transportakte Nr T2928 gedateer 5 Februarie 1965, aan die voorbehoud ten gunste van Izak Charl Verster, gebore op 1 Augustus 1891, van alle regte tot minerale en olie met uitsondering van goud, silwer en edelgesteentes ten opsigte van welke minerale en olie 'n Sertifikaat van Minerale Regte uitgereik is op 5 Februarie 1965, Nr 6/1965.

For Information Only

WESHALWE die komparant afstand doen van al die regte en titel wat

JONATHAN NEL en MAGDALENA CATHARINA NEL, Getroud soos vermeld

voorheen op genoemde eiendom gehad het, en gevolglik ook erken het dat hulle geheel en al van die besit daarvan onthef en nie meer daartoe geregtig is nie en dat, kragtens hierdie akte, bogenoemde

PETRUS GERHARDUS OLIVIER, Getroud soos vermeld

sy Erfgename, Eksekuteurs, Administrateurs of Regverkrygendes, tans en voortaan daartoe geregtig is, ooreenkomstig plaaslike gebruik, behoudens die regte van die Staat en ten slotte erken hy dat die verkoopprys die bedrag van **R1 786 950,00 (Een Miljoen Sewe Honderd Ses en Tagtig Duisend Nege Honderd en Vyftig Rand)** beloop.

TEN BEWYSE WAARVAN ek, genoemde Registrateur, tesame met die Komparant hierdie Akte onderteken en dit met die ampseël bekragtig het.

Onderteken, verly en met die ampseël bekragtig op die kantoor van die Registrateur van Aktes te Kaapstad op 20 January 2005 ~~2004~~

q.q.

In my teenwoordigheid

REGISTRATEUR VAN AKTES

For Information Only